SPELE EN ONTSPANNING UIT DIE VOORTREKKERTYDPERK

Deur H. B. Strydom

Verhandeling ingehandig ter verkryging van die B.Ed.Ph. graad aan die Universiteit van Stellenbosch

Des. 1945.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE.

	Bladsy
Probleemstelling	1
Metode van Ondersoek	1 - 2
Inleiding - Sportgeleenthede	3 - 6
Hoofstuk I - Jongmense en Volwassenes v/d Groot Trek.	7
A. Gesondheidstoestande	7 - 9
B. Sport en Spele	9 - 30
1. Hoodsaaklike Sportsoorte	10 - 15
2. Musiek en Dans	16 - 19
3. Vry-speletjies	19 - 21
4. Blinddoekspele	21 - 22
5. Kragsporte	23 - 25
6. Behendigheidsporte	25 - 28
7. Lagwekkende sport	28 - 30
Hoofstuk II - Die Voortrekkerkind	30 - 42
A. Omstandighede waaronder hul geloof het	30 - 31
B. Die spele wat hulle gespeel het	31 - 41
C. Verdere bewyse	41 - 42
Slotbeskouing	43
Literatuur	44 - 47

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

PROBLEEMSTELLING.

Die ondersoek oor die Spele en Ontspanning uit die Voortrekkertydperk is aangepak omrede die volgende:

(a) Daar bestaan nie 'n uitvoerige werk oor die onderwerp nie, alleen hier en daar word daar in Geskiedenis-boeke daarvan melding gemaak. Met die tyd wat skrywer tot beskikking van die ondersoek gehad het, het hy probeer om hierdie stukkies en brokkies in een geheel saam te stel.

(b) As toekomstige liggaamsopvoeder stel skrywer ook belang in die Geskiedenis van Liggaamsopvoeding en veral in die van Suid-Afrika. Hy het dus die ondersoek baie interessant gevind asook baie leersaam.

METODE WAAROP GEGEWENS VERSAMEL IS EN ALGEMENE BESPREKING VAN LITERATUUR.

Die eerste vereiste was natuurlik om boeke oor die onderwerp in hande te kry. 'n Paar van die Geskiedenis doseerende personeel van die Univ. was so goed om my na verskillende boeke te verwys en ook te help om hulle in die hande te kry. Die meeste van die boeke waarna verwys word, is te vinde in die Afrikaner-Kamer van die Carnegie Biblioteek.

Die meeste boeke is voorsien van 'n behoorlike inhoudsopgawe en in sulke gevalle was dit dus nie moeilik om gegewens te verkry nie. Daar was egter vele sonder enige inhoudsopgawe of met 'n gebrekkige of onvolledige inhoudsopgawe. In hierdie geval, was skrywer verplig om die hele boek deur te lees met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

goeie of glad geen resultate nie. So is daar verskeie boeke wat deur skrywer gelees is, maar tog nie hier vermeld word nie omdat hulle geen informasie betreffende die onderwerp bevat nie.

Die literatuur is hoofsaaklik histories van aard en deur vooraanstaande geskiedskrywers geskryf. Die vernaamste bronne is veral die volgende: Die werke van Dr. G.S. Preller, B. Spoelstra se „Volkslewe" en Dr. H. Nathan se „Voortrekkers of South Africa." Verder het die boekie van Dr. Koolman, „Boeresport", baie gehelp by die beskrywing van die verskillende spele. Aan die betroubaarheid van die gegewens is daar nie veel te twyfel nie, en skrywer het sy bes probeer om hom alleen by historiese boeke te bepaal. Waar melding gemaak word van artikels wat in tydskrifte verskyn het, kon gesê word dat dit ook deur geskiedskrywers geplaas is b.v. in die Gedenkuitgawe van die Huisgenoot.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INLEIDING.

Geleenthede waarby die Boere gesellig verkeer het:-

Die Boere of Voortrekkers het verskillende feesdae gehad en dan het hulle altyd op een of ander plaas vergader. Voor die Trek begin het en ook daarna was hulle verspreid en ver van mekaar verwyder. Van afstande en tyd het hulle egter nie veel gedink nie en dit het daartoe bygedra dat die sosiale gevoel by hulle nie verlore gegaan het nie. Hierdie feesdae het daartoe gelei, dat baie kultuurskatte uit die vroeëre tydperk behoue gebly het. Die voortrekkers se lewenswyse was ingerig volgens die omstandighede waaronder hulle moes lewe en omdat dit gepaard gegaan het met gevare, moorde ens., was die strekking daarvan 'n ernstige. Voordat hulle oor die Drakensberge gegaan het, het daar egter 'n vrolike stemming in die laers geheers, want toe was daar nognie so veel rede om te treur en te rou nie. Tog was die gebeurtenisse in Natal nie bereken om alle plesier in die treklewe te onderdruk nie. Enige maande na die groot moord te Blauwkrans, is daar in 'n laer aan die Toegela gedans en wel in die opelug, dat die stof so staan. (I bls. 257).

Die geleenthede waarby hulle dan altyd gesellig verkeer het, was veral die volgende:-

I. Die Huweliksfees:- (C bls. 136; F bls. 52; Ba bls. 99; Fa bls. 44).

Met 'n huweliksgeleentheid het 'n windmaker osse- of perdespan die voorgenome bruid en bruidegom dorp-toe getrek,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

want dit was bepaal in een van die landswette, dat hulle alleen op die dorp in die huwelik bevestig kon word. In Natal is die huwelik burgerlik voor 'n landdros voltrek en kerklik deur ds. Erasmus Smit, die trekker-predikant.

In verband met menige huwelik is daar op ouderwetse wyse bruiloof gevier. Alhoewel die eintlike fees eers die aand begin het, het die meeste gaste al vroeg-vroeg in die oggend daar aangekom. Deur die dag het hulle dan gesels, gespeel, skyfgeskiet, ens. totdat die bruidspaar van die dorp af terug gekeer het. Laasgenoemde is dan met alle hartelikheid ontvang. 'n Groot eetmaal waarby die nuwe paartjie geluk gewens is en toesprake gelewer is onder die drink op hul gesondheid, is gehou. Na afloop daarvan was daar dan 'n dansspartytjie vir oud en jonk.

Die oumense was toeskouers en het meestal grappe gemaak om die gees van die partytjie aan die gang te hou. Meestal was hulle dan ook maar baie grof met hul grappe en dit is veral die bruidspaar wat goed deurgeloop het. (CC I bls. 15.) By wyse van afwisseling het hulle ook speletjies gespeel, waaraan die nie-dansers kon deelneem, en verder koffie en koek geniet. Die dans het gewoonlik tot voordag aangehou, want dit was by hulle 'n beginsel om dit wat jy doen, goed te doen.

II <u>Nuwejaarsfees</u>:- (V bls. 197; I bls. 261; F bls. 52).

Oujaarsdagaand het die fees begin in die vorm van 'n dans op een of ander plaas. Nuwejaar is dan geopen met 'n sarsie gewoervuur. Skyfskiet, perderesies, spele en vermaak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was aan die orde van die dag.

III. Nagmaal:- (C bls. 136).

Vier keer in die jaar het die Boere nagmaal gevier. (Hier praat ons natuurlik van die jare voor en na die Groot trek, want op trek het hulle nie geleentheid daartoe gekry nie a.g.v. tekort aan kerke en predikante). Die Donderdag of Vrydag begin die dorp dan al 'n vrolike feestelike aansien te kry. Alhoewel die ou Boere baie godsdienstig van aard was, het dit hier aan sport by hulle nie ontbreek nie.

IV Vandusies:- (Ba bls. 99).

Vanaf die vroegste jare van kolonisering aan die Kaap, was vandusies altyd vername byeenkomste. Hier het die Boere bymekaar gekom en hulle moeilikhede bespreek, ens. Veral as daar 'n plaas verkoop word, was daar 'n groot feestelikheid aan die gang, want dit was 'n gewoonte dat die koper dan al die besoekers moet trakteer.

V Kuierritte:- (F bls. 21; P bls. 380; Ba bls. 99; V bls. 209).

Die Boere van ± 1830 was 'n gesellige klomp, het mekaar baie besoek en dan kaartgespeel of gedans. Hulle het ook op kuierritte, wat soms twee maande geduur het, gegaan. Nie een plaas het hulle verbygery sonder om eers daar aan te doen en te gesels nie. Op hierdie manier het hulle altyd in voeling met mekaar gebly.

VI Familie-partytjies:- (F bls. 50; Y bls. 48; Fa bls. 57).

By sulke partytjies soos b.v. verjaarsdae het die oumense gewoonlik gesels of kaartgespeel en koffie of tee gedrink

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die jongspan het begin met grappe vertel en dan oorgeslaan na dans of spoletjies waarvan die „pandspel" die gewildste was.

VII Kampvure:- (E bls. 255; C bls. 127; J bls. 117).

Kampvure en braaivleisaande is iets tradisioneels by die boerebevolking van Suid-Afrika. Aangesien die Trek so baie geleentheid daartoe gebied het, het dit dan ook nie ontbreek nie en saams het hulle in groepies om die gesellige kampvure vergader. Dit is veral by die kampvure dat die jonger geslag met mekaar beter kennis gemaak het en waar hulle na die stories ens. van die grootmense geluister het.

VIII As die Trek 'n tydlank stilgestaan het, het die jongmense hulle geniet. Niek-nieks is gereël en dit is veral hier dat volkspoletjies en sport tot hul reg gekom het. (O bls 141 en 256).

IX By die vertrek vanaf hul plase was dit veral die jongspan wat hulself geniet het. Vir hulle was dit 'n groot gebeurtenis en afskeidspartytjies, huwelike en danspartytjies was aan die orde van die dag. (CC III bls. 49).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK I.

DIE JONGMENSE EN VOLWASSENES VAN DIE GROOT TREK.

A. GESONDHEIDSTOESTANDE:-

Dat die Boere van 'n honderd jaar gelede 'n gesonde ras was, loi g'n twyfel nie. Ons hoef maar net die skrywers van daardie tyd na te gaan en ons sal die volgende beskrywings van hulle kry:-

(a) Die Mans: Die eenvoudige, hardwerkende manier waarop hul moes lewe, die trekbestaan, die lewe in die ope lug en die avontuurlikheid daarvan, het van die Boere 'n ras gemaak wat liggaamlik so te sê 100% geskik is (Y bls. 100; A bls. 96; G bls. 25).

Die meeste mans het 'n longte van 6 - 7 voet gehad en was daarby fors gebou. 'n Dik nek, breë skouers en bors en sterk gespierde arms en bene was 'n alledaagse verskynsel. Hierby het dan gepaard gegaan 'n gesonde kleur, 'n hoë voorkop, sterk sprekende oë, 'n welgevormde gelaat en 'n digte baard. Hulle was dus in 'n paar woorde, fris, gesond en sterk, asook sentreklik van geaardheid. (V bls. 207; Y bls. 49; F bls. 31).

(b) Die vrouens en meisies het meestal 'n longte van 5-6 vt. gehad en was ook almal fris en gesond. Aan skoonheid was daar by hulle geen gebrek nie en baie skrywers maak daar melding van. 'n Mooi beskrywing van die Trekkervrou is die volgende: Fyn besnede gelaat, helder sagte oë, klein neus en mond, tande so wit as ivoor, dun lippe, ronde kin, blanke hals, klein

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hande en voete en daarby 'n mooi figuur - „zelden ziet man onder hen eene leelyke vrouw." (V bls. 207; F bls. 31). Aan uithoudings- en deursettingsvermoë het dit hulle ook nie ontbreek nie. Interessant is veral die volgende aanhaling: „The frontier women are capable of driving or even riding in with the newborn baby to church, perhaps 100 miles away, on the second Sunday after the child was born." (F bls. 46). Dit het gewoonlik geskied sonder verpleegsters of die hulp van 'n dokter - alleen die buurvrou het as vroedvrou opgetree. „Luckily they usually bore children easily and well."(F bls. 46) Die sterfte syfer van vrouens by geboorte was nie baie hoog nie. Venoriese siektes het selde of ooit voorgekom en as dit dan voorgekom het, is die lyer van onreinheid beskuldig en verafsku.

(c) Die kinders, wat in dieselfde omgewing en onder dieselfde omstandighede waarin die ouers geleef en opgegroei het, was oor die algemeen almal fris en gesond (G bls. 25). Paul Kruger, om maar een Trekkerseun te noem, was op trek 'n gesonde knaap met baie moed, wilskrag en uithoudingsvermoë. Onder andere kon hy ontsettend vinnig hardloop en self lank daarmee volhou (Q bls. 811).

Die gesonde toestand van die Trekkers kan verstaan word as ons in ag neem dat hulle in die ope lug gelewe het. Die klimaat was gunstig vir so 'n lewe en selfs vandag nog het die Binnelandse Suid-Afrikaners 'n goeie liggaamsbou en gesondheid. Verder het die Boere ook streng opgetree om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesondheid in die laer en op trek so goed as moontlik te hou - die Trekkers was min in vergelyking met hul vyande en hul kon dit nie bekostig om een lewe te verloor nie. Om koors b.v. te voorkom moes die rivierwater aan die bokant van die laer suiwer en skoon gehou word en alle laer-vuil moes gereeld verwyder word. Behalwe epidemies van masels, kinkhoes en waterpokkies, het koorsiektes nooit in die laer voorgekom nie. Die spreek al boekdele i.v.m. die doeltreffende gesondheidsmaatreëls wat op trek en in die laer toegepas is. (C bls. 95; K bls. 137; I bls. 231).

Die Boere het verder 'n afkeer in die gebruik van sterk drank gehad en as daar 'n sondebok oortree het, dan het die sg. Krygsraad dadelik opgetree en hom bestraf (V bls. 213; Ia bls. 20; Ea bls. 117 en Ma bls. 98). Geen wonder dus dat die Boere, ten spyte van so vele ontberings, meestal 'n hoë ouderdom bereik het nie.

B <u>SPORT, SPELE, ENS.</u>

Die sportsoorte is nogal goed aangepas by die lewenswyse van die Boere. Soos ons almal weet, is die werk van enige boer van so 'n aard, dat dit 'n mate van krag vereis. Die Trekkers se lewens was heeldag in gevaar, want roofdiere en moorddadige Kaffers was volop. Ter bestaansbeveiliging moes 'n Trekker dus sterk, rats en behendig wees, asook 'n groot mate van moed en wilskrag besit. Die meeste Booresporte is dan ook daarop bereken om hom sterk, rats en behendig te maak.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK STELLENBOSCH

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos reeds gesê, was die Boere ernstige mense en hul lewenswyse van godsdienstige aard. Die sport en spele van die Boer moes hiervoor kompenseer en by die meeste daarvan vind ons dan ook iets wat lagwekkend is.

Bioskope, konserte ens. het hulle nie geken nie en ons vind by hulle toenadering tussen die twee geslagte d.m.v. gemengde spele.

Die indeling van die sportsoorte wat hier volg is skrywer se eie en wel soos hy dit gerieflik gevind het.

1. NOODSAAKLIKE SPORTSOORTE.

Perdry (G bls. 29; P bls. 382; Aa bls. 151; Ga bls. 121; e.a.).

Dat die Voortrekkers goed kon perdry lei g'n twyfel nie en al die boeke wat iets oor die Groot Trek beskryf, praat van die ry-vermoë van die Boere. Elke seun het vroegtydig leer perdry en as hy dan kan ry, het hy heeldag in die saal gebly.

Die perde was almal goed geleer - veral die wat die Boere op jag gebruik het, asook die waarmee die meisies gery het. Ja, selfs die vrouens en meisies kon goed perdry en hulle sou menige Afrikanerseun van vandag in die skande kon steek. Die perde wat destyds gebruik is, moes van 'n baie goeie gehalte gewees het. Nie alleen spoed, maar ook krag en uithouvermoë was 'n noodsaaklikheid vir 'n goeie ryperd, want die dele waardeur hulle getrek het, was woes en vol van gevare.

Perderesies was van die vroegste jare 'n vernume instellinge van die Boere. In die Natalse Argief is daar talryke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verwysings na perderesies. Oral waar twee of meer jongmense mekaar te perd ontmoet het, was daar onderlinge wedywering oor wie die vinnigste perd besit. Met Nuwejaar was daar altyd groot perde-wedrenne en het hulle op hul perde met mekaar gewedywer. Hier is nie alleen getoets watter perd die vinnigste kan hardloop nie, maar ook watter die beste trippelaar, ens. was. Daar is ook gekyk wie die behendigste en netjieste in 'n saal was. Die wedrenne was nie 'n geldmakende bedryf soos ons vandag bv. in die „July Handicap" het nie. Laasgenoemde is iets wat ontaard het en dit gaan nie gepaard met die ou sportgees van ons voorvaders nie.

In perderesies en perdry as sulks, het die Boere dus ook 'n goeie sport gehad. Die gevolge hiervan was:- 'n ontwikkeling van moed, selfvertroue en vaardigheid, versterking van spiere en gewrigte en verder het dit ook geestesontspanning aan hulle verskaf.

Skiet:- (V bls. 210; G bls. 29; O bls 256; F bls 39; e.a.)

Alhoewel die gewere van daardie tyd 12 - 15 pond geweeg het, was die Boere uitmuntende skerpskutters. Reisigers o.a. wat die Kaap aangedoen het, het die Boere groot lof toegeswaai oor die prestasies wat hulle met skiet behaal het. 'n Paar jaar na die Groot Trek verklaar Maj. Charters:- „No country can produce better marksmen than the Dutch Colonists of South Africa." (O bls. 11). 'n Ander wat ook oor hul skietvermoë skryf, maak die volgende aanhaling:- „To earn the title of marksman a Boer must hit the small knuckle-bone of an ox at

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

80 paces." (F bls. 39).

Die seuns het op 11 - 12 jarige ouderdom, leer skiet. Paul Kruger was bv. op 14 jarige leeftyd 'n kranige skut en 'n goeie jagter. Hulle kanse om goed te leer skiet was uitstekend - baie wild. Kruit en lood was nou wel nie altyd volop nie, maar dit het alleen daartoe aanleiding gegee dat hulle altyd probeer het om dit te spaar en dus raak en sekuur te skiet. Hulle het ook dikwels skyfgeskiet en die een wat die laagste aantal punte behaal het, moes dan altyd goed deurloop onder die spotterny van die ander. Voor die Trek begin het, het daar verskillende wapenskouings plaasgevind, want die Boere moes gereed wees om enige tyd opgeroep te word in stryd teen die Kaffers. Die distrikte was opgedeel in wyke en elke wyk het sy veldkornet gehad, wat dan moes sorg dat daar maandeliks 'n skietoefening plaasvind.

By so 'n oefening tree almal aan op hul perde in 'n reguit lyn. Vyf of tien burgers moet dan tegelyk wegja in die rigting van 'n aangeduide teken - gewoonlik 'n groot pop boom of miershoop. Wie op die skietplek (± 200 treë van die teiken) kom moes afklim en sy ou Sanna laai so gou hy kon. Dan moet hy skiet, terwyl die perd ook vasgehou moes word - teuel in die arm gehak. Die perd moes dus goed geleerd wees, anders ruk hy te veel en hardloop selfs weg as die skoot afgaan. Nadat hy dan klaar sy sarsie afgevuur het, moes hy weer gou op sy perd spring en terug ja.

Dit is dus veral hier dat die Boere geleer het om vinnig

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te laai en te skiet. Hierdie aanval taktiek het die Trekkers baie keer aangewend in hul gevegte met die Zoeloes. Piet Retief het, voordat hy en sy manskappe vermoor is, ook so 'n massa aanval in Dingaan se kraal demonstreer. (Pa bls. 32).

Dit is 'n kuns om sekuur met 'n ou Sanna geweer te skiet en 'n mens kan dus jou sug na prestasie daarmee bevredig. Die ou geweer is groot en swaar en daarby kan dit gevaarlik skop. Dit verg dus inspannende spierreaksies om daarmee te skiet en ook 'n mate van krag. As ons dan nog in ag neem dat die Trekkers heeldag met die Sanna rondgeloop of gery het, kan ons insien dat dit goeie oefening aan hulle verskaf het.

Jag:- (CC III bls. 49; F bls. 39; O bls. 256; V bls. 210; Q bls. 812; e.a.).

As 'n ekonomiese bedrywigheid en 'n vorm van sport, het die jag op wild, dwarsdeur ons pioniers-geskiedenis, 'n groot rol gespeel. Die woeste wêreld waarheen die Voortrekkers getrek het, het gewemel van grootwild en hulle het dus met die roer in die hand geleef. Jag was 'n populêre sport by die Boere van die Groot Trek. In 1823 verklaar ene Theunissen: „Eene onbepaalde zucht voor den jagt vind men bij allen, van den veertienjarigen jongeling tot den zestigjarigen grijsaard toe." (O bls. 11).

Hulle het nie die vorme van sport geken wat ons vandag ken nie en die prestasies op die jagveld moes dus die drang na prestasie en selfbevrediging voed. As 'n sportsoort is jag den

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook baie geskik. Dit verskaf goeie oefening, nie net alleen vir die spiere nie, maar ook vir die ontwikkeling van koordinasie en die opwekking van spangees, want die Boere het selde of ooit alleen gaan jag. As daar gejag word, gaan hulle in 'n groep en een word gekies as leier aan wie almal onderhorig moes wees. Die sukses van die jagtog het grootliks afgehang van die samewerking in hierdie groep want ons moet onthou dat hul gewere maar baie primitief was; dit kon enige onverwagte oomblik weier om af te gaan. As 'n olifant, buffel of leeu gestorm het, dan moes hulle saamspan om hom van kant te maak, anders kan dit gepaard gaan met die verlies van 'n manskap se lewe.

Ons kan die jag dus beskou as 'n spanspel en 'n baie goeie een ook. Hier was samewerking nie alleen wenslik nie, maar ook noodsaaklik. Individuele prestasie is ook in aanmerking geneem by die jag en voordat 'n boerseun nie 'n leeu of olifant geskiet het nie, was hy nognie 'n man nie. Dit was dus 'n prestasie waarna menige trekkerseun gestreef het soos b.v. Paul Kruger, wat sulke noue ontkominge op die jagveld gehad het.

Die Trekkers het egter nie net vir hul plesier gejag nie, maar baie keer was hulle afhanklik net van die wild wat hulle skiet. Daar was selfs Boere wat hulle lewe alleen uit jag gemaak het. Vir die ivoor, velle biltong, ens. was daar 'n goeie mark en hulle het hul ware maklik van die hand gesit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Visvang:- (Ca bls. 63; I bls. 13; Ha bls. 97).

Ek wil net hier daarop wys dat die Trekkers ook soms visgevang het, alhoewel hulle dit nou nie juis soseer vir die sport daarvan gedoen het nie. Terwyl die Trek naby die Modderrivier gestaan het, het hulle vir verandering van spyse ook vis op tafel gehad.

Swem:- (H bls. 92; Aa bls. 98; Fa bls. 57; Ha bls. 7; La bls. 140).

Mans en seuns wat kon swem, het handig ingekom by die Trek. Die Oranjerivier was bo in vloed toe die Trekkers daar moes deur. Hulle het hulle egter nie daardeur laat keer nie en die waens op vlotte oorgeneem, terwyl die mans deurgeswem het en sodoende die diere aangejaag het.

By een staanplek was daar 'n gat water in die rivier naby die laer en hierin het die Boere altyd gaan swem en hulle ook daar gebad: Die getal wat kon swem is natuurlik nie bekend nie, maar dit is te betwyfel of dit baie groot was. Die seuns het hulle miskien nog uitgesit om te leer swem, maar ek glo nie daar was enige noemenswaardige getal meisies wat kon swem nie. Die sedelike lewe van die Voortrekkers was nie bevorderlik vir sulke aktiviteite vir dames nie. Party seuns en mans moes egter sterk swemmers gewees het. Paul Kruger het b.v. nie gestuit vir 'n vol rivier, toe hy op pad was om vir 'n nooientjie te gaan kuier nie. (Ha bls. 7).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. MUSIEK EN DANS.

By alle volke en rasse vind ons dat die mens probeer om die lewe te veraangenaam deur die bespeling van musiek-instrumente, waarby dan gewoonlik ook gesing of gedans word. Die Kaffers, Hottentotte en Boesmans het almal hul eie soort van musiek gehad, hul eie liedjies en danse. Hierdie musiek, gepaard met die dans en sing, was nie altyd strelend vir die oor van beskaafde mense nie, maar voldoen nogtans aan die eise wat daaraan gestel word, nl. uiting van die siele-lewe van hierdie volkies.

Die Trekkers se lewenswyse was nou wel gebou op 'n godsdienstige grondslag, maar behalwe die Psalms en Gesange wat hulle daagliks gesing het, het hulle ook hul eie liedjies en gedigte gehad. (F bls. 49; I bls. 308; M bls. 137). Hierdie liedere is uit die volk gebore en het waarskynlik ook spontaan ontstaan. Die Boere was musikaal van aard en onder hulle was daar o.a. drie Spiese wat liedjies komponeer het, gediggies geskryf het en daarby ook nog goed kon sing en musiek maak.

Omdat die wa jare lank hul enigste vervoermiddel was, word dikwels melding daarvan gemaak in die piekniek-liedjies van die Trekkers. Welbekend is b.v. „Daar kom die Wa." Oorlede Mevr. Minnaar, wat as kind aan die Trek deelgeneem het, verklaar die volgende: „Ek weet nog dat ons altyd op die trek en met die rondswerwe, elke aand 'n grote klomp saamkom en dan word sulke mooie liedjies gesing, wêrelds sowel as geesteliks." (I bls. 310).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat die musiekinstrumente betref was daar verskillende manne by die Voortrek, wat goed viool kon speel (I bls. 257). „Some were fortunately enough to possess the newly-invented accordion and concertina." (La bls. 32; P bls. 381). Verder het hulle ook nog fluite met klawers en sg. kornette besit (I bls. 257; F bls. 50; O bls. 141).

Voordat hulle die Kolonie verlaat het, het veral die meisies musiek geleer (Y bls. 50) en volgens een geskiedskrywer was daar selfs Trekkervroue wat die „piano" goed kon bespeel (H. bls. 74). Of hulle lg. instrument op trek saamgeneem het, is egter sterk te betwyfel.

Die volksdanse wat die Voortrekkers waarskynlik geken het, was veral die welbekende Simbamba en Jan Pierewiet. Daar was ook andere, maar met die indringing van vreemde kultuur en gewoontes, soos b.v. die Engelse sport en spele, was niemand meer trots op die Afrikaanse volksdanse nie en het baie daarvan in die vergetelheid geraak. Sommige het egter bly voortleef in afgesonderde boeregemeenskappe en hier ook baie byval gevind, veral omdat hulle so veel geleentheid vir „tiekie-draai" verskaf het. Voorbeelde hiervan is „Japie my skapie", „Vanaand gaan die volkies koring sny" en „Pollie ons gaan Pôrel-toe." (CC I bls. 16). Dit sal gewaagd wees om te sê dat bg. danse deur die Voortrekkers beoefen is, maar aangesien hulle in 1875 nog gespeel is en 1900 alreeds in die vergetelheid begin raak, kan ons aanneem dat baie van die Voortrekkers hierdie danse of spele ook geken het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Boere van 1830 was baie lief vir dans en hiermee het hulle hulself menigmaal vermaak (BB bls. 117). Die outydse dans was 'n meer inspannende oefening as die moderne dans. Hulle stamina moes dus van uitstekende aard gewees het, want as hulle die aand begin dans het, dan het hulle aangehou tot voordag toe. Hulle het ook dansmoesters gehad wat hulle in dans onderrig het. (AA II bls. 305). (Hier word veral gepraat van die jare voor die Groot Trek, toe hulle nog in die Kolonie was, te wete ± 1825 - 30). Hierdie dansgewoonte spruit natuurlik uit die lande vanwaar hulle afkomstig was. In Holland was dit b.v. in die 17de eeu 'n instelling dat 'n jonkman moet leer dans, sing en skerm (X bls. 48). Aan die Kaap is dans dan ook beskou as 'n baie goeie vorm van liggaamsoefening: „daar dit bevorderlik is vir 'n goeie liggaamshouding en die ontwikkeling van die gevoel vir ritme (AA II bls. 305).

Die dansgewoonte het ook saam met die Trekkers gegaan en waar hulle die geleentheid gekry het, het die jongspan nie op hulle laat wag om 'n dans te organiseer nie - al was dit dan ook somaar in die opelug. Na die anneksasie van Natal (1842) het die Voortrekkers van Pietermaritzburg 'n dans gegee ter viering van die aankoms van Mnr. en Mevr. West, eerste Luitenant-Goewerneur van Natal. Die eregas was Komm. Genr. Pretorius wat die plegtigheid geopen het met Mevr. West in 'n kontra-dans (La bls. 32).

Bekende danse van daardie tyd was b.v. die Kontredans (H bls. 74). Hierdie dans is afkomstig van Engeland en die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eintlike naam daarvan is „Country dance." Dit het hoel waarskynlik saam met die Engelse setlaars van 1820 hierheen gekom. 'n Ander dans was die sg. Baandans, 'n dans wat ook in hierdie jare in Amerika gedans is en waarvan die regte naam „Barn dance" is. Verder was daar natuurlik die welbekende Wals of soos hulle dit genoem het die „Hanekraai." (I bls. 258). In 1875 was daar ook nog die Polka en die Sittees (CC I bls. 15).

3. VRY-SPELETJIES.

Pandspel:- (Fa bls. 57; BB bls. 95; CC I bls. 15).

Dit was die gewildste vryspeletjie by die jong klomp, want dit het die meeste pret en ook die meeste soentjies verskaf. Die spel bestaan daaruit dat elke speler 'n pand moet gee b.v. 'n knoop, toutjie, ens. wat dan almal in 'n hoed gegooi word. Nou word daar strawwe uitgedeel - een moet b.v. tien jaarts lint gaan koop, 'n ander val in 'n put wat 8 voet diep is ens. Vir elke voet of jaart moet dan 'n soen gegee word en diegene wat help verlos neem tydelik die veroordeelde se plek in en moet dan weer smeek om 'n verlossing.

Die oumense het baie van soen gehou en het daarin dan ook geen gevaar gesien nie. En heeltemal terug ook - hulle was 'n gesonde ras en geslagsiektes het selde of ooit voorgekom. Die pandspel is afkomstig van Holland (X bls. 48) en is 'n spel waar seuns en dogters mekaar goed leer ken het.

Ellie Rose:- (Fa bls. 55).

Dit is 'n baie lekker gemengde speletjie en bied veel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

genoegsaam tyd om lekker met mekaar te gesels. Al die spelers staan twee-twee agtermekaar - seun - dogter, seun - dogter ens. Een seun staan voor die eerste paar en hy is die wewenaar. As hy „Ellie Rose" skree dan moet die agterste paar hardloop om voor te kom. In die tyd dat hulle aankom moet die wewenaar probeer om die meisie te vang. Omdat hy nie weet langs watter kant sy sal kom nie en sy ook haar bes doen om weer by haar ou maat te kom, kry die wewenaar dit soms moeilik. Slaag hy egter om 'n ander se nooi af te neem dan moet daardie een weer wewenaar weos.

<u>Ly of Gly</u>:- (BB bls. 95).



'n Gemengde speletjie met 'n gelyke aantal in mans en meisies. Opstelling in 'n kring soos in figuur, met een speler (A) sonder maat en een (X) wat 'n latjie of geknoopte sakdoek in sy hand het. Ly: speler gaan na een van die spelers in die binnekring en vra: „Ly of gly," dan moet hy of padgee van sy maat af of hy kry 'n hou of wat met die lat. Gee hy pad d.w.s. „gly" dan moet hy gou en vinnig wegspring na die speler sonder maat, want word hy op sy pad daarhoen raakgeslaan dan moet hy weer die lat neem. Dit is dus net 'n wysiging van die spel, <u>Derdemannetjie</u>, wat vandag algemeen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bekend is.

Job wil nie lag nie:- (Fa bls. 55; Z bls. 314).

Spelers sit in 'n kring om „Job" heen en kry 'n naam van iets wat mens b.v. in die kombuis kry soos emmer, pot, rooster, vadoek, ens. Een speler vat 'n doek met 'n knoop daarin en slaan vir „Job" daarmee, terwyl hy vra:- „Waarom wil jy nie lag nie." Job antwoord dan b.v. „Die vadoek wil nie skottels was nie." Nou kry die vadoek pak tot hy die skuld gee aan iets anders en miskien sê: „Die rooster wil nie die kole keer nie." Weet hy nie wat om te sê nie, dan is altyd weer die toevlug om vry te kom van meer slae: „Job wil nie lag nie." Omdat Job die name van almal ken, het hy kans gekry om hom te wreek op een wat hom 'n vorige keer 'n pak besorg het. Die spel verskaf groot pret omdat daar soms baie snaakse dinge gesê word. As die slaner dan nog deurmekaar raak met die name van die spelers en 'n verkeerde een slaan dan word daar eens so veel gelag.

4. BLINDDOEKSPELE

(Fa bls. 52 en Ka bls. 3).

Die blinddoekspel is 'n baie ou spel. Behalwe dat dit die gehoorsintuie ontwikkel m.b.t. die bepaling van rigting, verskaf dit ook groot pret.

(a) Haurcus pasop vir 'n groot slag:-

A en B speel die rolle afwisselend. Hulle hou 'n sakdoek styf tussen hulle (elkeen aan 'n punt) op die grond en beweeg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit so min as moontlik. Albeit word natuurlik goed geblinddoek en kry 'n handdoek of so-iets om mee te slaan. A: „Marcus pasop vir 'n groot slag" en hiermee slaan hy na B. Die spelers kan egter net soveel rondkruip op die grond as hulle wil, maar die sakdoek moet, styfgespan gehou word en stil op een plek op die grond lê. Wie die meeste raakslaan wen. Dat pret en lag hier nie ontbreek nie, is te verstaan.

(b) Klaas en Januarie:-

Hier staan al die spelers in 'n kring met drie in die middel (Klaas, Januarie en hul baas) wat geblinddoek is. Baas: „Klaas waar's die perde?" en Klaas antwoord: „Ek weet nie Baas." Hierop soek die baas vir Klaas om hom 'n pak te gee. Hy slaan natuurlik soms die verkeerde tot groot pret van die omstaanders. Nadat hy een geslaan het, stel hy weer die vraag aan die ander een.

(c) Adam en Eva:-

Die spelers staan weer in 'n groot kring met vier geblinddoekdes nl. Adam en Eva, Jakob en Ragel in die middel. Nou probeer Adam om vir Eva ('n meisie) in die hande te kry en so-ook Jakob om Ragel te vang. Die man roep: „Eva!" en die meisie wat altyd probeer om hom te ontduik antwoord: „Ja Adam." Hy moet dus alleen op sy gehoor gaan om sy maat te kry en vang ook soms die verkeerde. Dit is 'n grappige spoletjie en soos die ander verskaf dit meer as genoeg pret.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. KRAGSPORTE.

Stoktrek:- (Fa bls. 57; CC I bls. 15 en Ka bls. 8).

Twee persone sit teenoor mekaar en skop met hul voete teen mekaar vas. Met hul hande hou hulle aan 'n stok vas. Die twee begin dan op 'n gegewe oomblik trek en elkeen probeer om die ander oor hom te trek.

Skilpadtrek:- (Z bls. 314; Fa bls. 57; Ka bls. 5; CC I bls. 15)

Die twee kompeteerders staan op hul hande en voete met hulle koppe weg van mekaar. 'n Tou, waarvan die punte aanmekaar gebind is, word om hul koppe gesit sodat dit agter die nek vastrek en tussen hul hande en bene deurgaan. Die twee trek dan teenmekaar en die een probeer die ander wegsleep. Hul skop natuurlik goed vas met die bene en selfs die vingers word in die grond geslaan om te help trek.

Toutrek:- (Ka bls. 5 en Meegedeel).

Toutrek is vandag 'n alombekende Boeresport en word nog altyd op alle plattelandse sportbyeenkomste ingesluit. Hier trek twee spanne teenmekaar.

Bogenoemde drie boeresporte is elkeen 'n alomvattende kragoefening en by uitstek rugspier- en beenspierversterkend. By toutrek en stoktrek is dit 'n noodsaaklikheid dat jy 'n sterk greep moet hê, terwyl skilpadtrek weer 'n sterk nek verg. Die buigers van die arm, die skouerspiere, rug- en maagspiere en die strekspiere van die bene kry dus 'n goeie kans tot ontwikkeling by die beoefening van hierdie sporte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sweepstok Optel:- (CC I bls. 15; Ka Bls. 4; Meegedeel).
A lê op sy rug en span sy spiere sodat sy hele lyf stokstyf en reguit is. B staan nou wydsbeen oor hom en slaan sy hande saam onder A se bo-bene net bokant die knieë. Nou leun hy na agter toe sodat A se skene teen sy (B se) sitvlak druk. Daar word dus nou 'n hefboom van die 3e orde gevorm met B se sitvlak as draaipunt en A se gestrekte lyf as los, terwyl B die krag tussen hierdie twee punte aanwend. A.g.v. sametrekking van B se rug- en armspiere (biceps) word A dus van 'n horisontale na 'n vertikale posisie opgelig. A en B kry dus albei goeie oefening maar A se maagspiere en die strekspiere van sy bene speel die vernaamste rol terwyl dit by B die rugspiere en biceps van die arms wat die meeste werk doen.

Dooie-man optel:- (CC I bls. 15; Ka bls. 4).
A, die dooie-man, lê slap op die grond met al sy spiere in 'n ontspanne toestand. B probeer nou om vir A op te tel tot op sy skouer en hom weg te dra. Omdat A so slap is gaan dit maar bra moeilik vir B om hom opgetel te kry.

Skaap Optel:- (Ka bls. I; Meegedeel).

A, die skaap, sit met sy bene opgetrek en gekruis en hou sy tone, styf vas. B staan teenoor die skaap en vat hom van agter onder sy arms deur met sy hande saamgevat op die skaap se bors. Nou probeer hy om hom op te tel tot op sy skouers, terwyl A skop so veel as hy kan sonder om sy tone los te laat.

Boos by die trekoefeninge is hierdie drie opteloefeninge

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook alomvattend spierversterkend. Die rugspiere voor intense sametrekkings uit terwyl die maagspiere die bekken in posisie moet hou. Die arms en beenspiere word ook versterk.

Kruiwastoot (Ka bls. 8; Heegedeel).

Kruiwastoot is vandag nog alom bekend. Ook hier word die meeste spiere van die liggaam geoefen. Die triceps van die arms, die rompspiere en die strekspiere van die been kry volle kans tot ontwikkeling. Die maagspiere hou die liggaam gestrek en die bors- en skouerspiere het almal 'n funksie om te vervul.

Paddaspring (CC I bls. 15).

Dit is seker een van die moeilikste behendigheids- en kragoefeninge wat die Boere geken het. Die doener lê plat op sy maag met sy hande weerskante van hom op die grond gesteun. Met geweld word die hele liggaam van die grond gelig - ook die voete. Die hande verlaat ook die grond en word dan toenmekaar geklap voor die bors. Die liggaam gaan nie net op nie, maar ook voorentoe en die gewig word weer met die arms opgevang. Die beweging word herhaal en so gaan jy dan voorentoe. Om dit te kan doen moet jou arms sterk wees, sowel as jou romp- en beenspiere en verder moet jy nog die slag daarvan ook ken.

6. BEHENDIGHEIDSPORTE.

Hoenderhaanskop:- (CC I bls. 15; Ka bls. 6).

(a) 'n Tou, ongeveer 8 treë lank word geneem en die twee ente aanmekaar geknoop. Die twee hane sit die tou om hul voete met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n halwe knichalterslag en wel so dat die dool tussen elkeen se twee voete lank genoeg is om in die hande geneem te word. Die twee se voete is oorkruis met mekaar verbind sodat die regtervoet van die een verbind is met die regtervoet van die ander. Nou skop hulle agteruit en probeer so die ander se voete onder hom uitruk. Behendigheid en ratsheid speel hier die vernaamste rol en daar die twee sulke snaakse bewegings uitvoer, word daar ook baie gelag.

(b) A en B sit plat met hul bene opgetrek en hul hande gevou om hul knieë. 'n Stok van ongeveer 2 vt. lank word tussen die elmboog en die waai van die been deurgesit. Elkeen hou sy hande goed vas en beweeg dan na mekaar en probeer nou om mekaar om te skop en uit te rol uit 'n sirkel.

Hakke-krukke:- (Z bls. 314; CC I bls. 15; Ka bls. 2).

Twee spelers lê langs mekaar, die een se voete by die ander se kop. 'n Derde persoon sê „hakke" en die twee lig hul buitenste bene op. Dan sê hy „krukke" en hul lig die binneste bene op. „Haak maar in" en hulle haak hul buitenste bene inmekaar en probeer mekaar omrol. Dit is dus 'n maagspier en syspier versterkende oefening.

Stooi en Vuisslaan:- (F bls. 50; Fa bls. 52; La bls. 36).

Hulle het nie die moderne vorm van stooi geken nie, maar hul stooi het die vorm van beur gehad. Hulle probeer dus net om mekaar om te gooi en onder te hou. Grepe het hulle nie juis geken nie en dit was dus 'n geval van: wie die sterkste is wen. Hierdie vorm van stooi het egter ook sy waarde en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het daartoe gedien om die seuns rats en sterk te maak.

Boks soos ons dit ken, was ook onbekend by hulle. Hulle het vuisgeslaan en geskerm in spelvorm, sonder om mekaar hard of raak te slaan. Hulle het dit as onnodig en verwaand beskou om 'n ander te slaan as hy jou nie kwaad aangedoen het nie. As twee egter rusie gekry het en hulle begin mekaar slaan, dan het hare, bloed en tande gevaai, want hulle was groot en sterk.

Daar is heelwat bewyse dat die Trekkers nogal goeie en gevaarlike vuisslaners was. Met die gevegte teen die Zoeloes het Genr. Andries Pretorius by een geleentheid 'n groot haffer met die vuis neergeslaan. By 'n ander geleentheid het hy 'n Duitser, wat as fris en sterk beskryf word, 'n goeie opstopper gegee (I bls. 242).

'n Ander vorm van skerm was die wat hulle by die Hottentotte geleer het, nl. met kieries. Hulle het heeldag kleurlinge by hulle gehad en het dan ook hierdie kuns by hulle geleer. Een Engelse skrywer beweer dat die Hottentotte so rats en behendig met hul kieries was, dat 'n Europese skermer 'n moeilike tydjie by een van hulle sou deurgemaak het, as hulle teen mekaar te staan sou kom.

<u>Jukskeigooi</u>:- (CC_2 bls. 15; Ka bls. 5; O bls. 256).

Die spel het in die latere jare weer in ons volkslewe herleef en is 'n baie lekker somersport. Dit is al tydens die Groot Trek van 1836 gespeel deur die Voortrekkers en is, soos die meeste ander genoemde sporte en spele 'n spel wat op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afrikaanse bodem ontstaan het (CC_2 bls. 15) Dit verskaf gesonde sportmededinging en skep 'n aangename gees onder die spelers. Dit kan gespeel word deur oud en jonk en gee dan ook goeie oefening aan arms en bene.

Om 'n beskrywing van die spel te gee is onnodig daar dit so goed bekend is. (Sien CC_2 bls. 15).

7. LAGWEKKENDE SPORT.

Volskoenmaak:- (Fa bls. 53; Ka bls. 3).

A sit in die middel met B en C aan weerskante van hom met hul gesigte na hom gekeer, ongeveer 'n voet van A af. B en C het elkeen 'n stok of ander slaanding in die hand wat na A gekeer is en hou dit gereed om te slaan. A sit nou en gesels en beduie met sy hande hoe 'n mens velskoene maak, maar telkens slaan hy 'n vinnige hou met sy plat hand of na C of na B. Lg. twee probeer om A se hand met die stok raak te slaan, maar hulle mag egter net regaf op die grond tussen hulle en A slaan in hul pogings om sy hand raak te slaan. Gewoonlik sal A hulle egter vuurwarm klits sonder dat hulle hom eenkeer raakslaan.

Die spel verskaf groot prot aan die omstanders veral as die skoenmaker baie rats is en daarby nog kommentaar lewer oor hoe hy die skoene maak. Dit leer die spelers verder om vinnig te reageer met hul hande.

Hotnotslaan:- (Ka bls. 4)

Die slaner neem twee jukskeie en lê plat op sy maag met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die koppe van die jukskeie in sy hande en ontrent 2 troë van die Hotnot - enigiets wat ongeveer 4 dm. hoog is. As hy dan begin loop dan hou hy sy hele lyf styf en beweeg vorentoe op die punte van sy tone en op die jukskeie. 'n Ander stel dan vrae aan hom, b.v.: „Waarheen gaan jy" en hy antwoord: „Ek gaan die Hotnot, slaan" en tersolfdertyd moet hy na die Hotnot wys. So word 'n hele aantal vrae aan hom gestel en telkens moet hy na die Hotnot wys. As hy hom omgeslaan het, moet die persoon terugstap terwyl die vrae nou in die verlede tyd aan hom gestel word en hy moet nog altyd wys wat hy gedoen het.

Die spel verskaf ook veel pret, want as hy nie versigtig is nie dan val hy elke slag om as hy wys. Die liggaamopvoedkundige waarde is hier dieselfde as by „Kruiwastoot."

Beesvelgooi (BB bls. 193; Ka bls. 1).

Vir die pret en ook vir kleinere misdade soos luiheid, ens. is die oortreder gestraf met beevelgooi. 'n Vars vel word geneem en die harige kant na onder gedraai. Twee man vat nou by elke hoek in 'n gat wat vir die hande daar gesny is en die ongelukkige word dan daarin gegooi. Die vel word effens skiet gegee en dan skielik styf geruk. Op hierdie manier skiet hulle die negende persoon telkens hoër die lug in. Sontyds kom hy op sy voete af, soms op sy kop en met die gesig na onder. Hy gryp natuurlik na alles wat tasbaar is, maar al sy pogings is te vergeefs en dit tesame met die geluide en smekinge wat hy uiter verskaf die grootste genot.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Man word selde hiermee beseerd - hoe hy egter uitkom sonder 'n afnek, is 'n raaisel.

HOOFSTUK II.

DIE VOORTREKKERKIND.

A. Die Omstandighede waaronder die kinders geleef het:-

Daar is nie veel te boek gestel oor die Voortrekkerkind nie, maar uit die geskrifte kan ons wel 'n deeglike insig kry van die omstandighede waaronder hulle moes opgroei. Dit was nognie die eeu van die kind nie en die kinders het wel hul plek in die samelewing gehad, maar dit was nie op die voorgrond nie (CC III bls. 156).

Die kinders van daardie tyd het vinnig groot geword, want die lewe het hulle nie lank tyd gegun om kind te bly nie. Van jongs af is hulle geleer om hul eie hande uit te steek en verder is hulle opgevoed om beskaafde, godvresende lede van die gemeenskap te word, met 'n diepe besef van hul plig teenoor hul ouers, hul kerk, hul volk en hul land (C bls. 178; La bls. 33). Die seuns het geleer om plaaswerk te doen en na die vee te kyk; die dogters is opgelei met die doel om later hul eie huis te bestuur en te weet wat dit 'n goeie huisvrou betaam om te weet. Die omgewing waarin hulle groot geword het, was dus altyd gespanne en ernstige en hulle het dan ook baie jonk getrou (G bls. 25).

Op die trek was die lewe vir almal moeilik en swaar en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

elkeen moes sy deeltjie bydra - selfs die kinders. Hulle moes toulei, vee oppas, water aandra, ens. en hulle was dus nie baie ledig nie (Ja bls. 5; Q bls. 26; C bls. 148; o.a.). Maar ten spyte van dit alles, het die Voortrekkerkind tog nog tyd gekry om te speel - al het dit dan ook somtyds saamgeval met die werk wat hy moes doen. As gevolg van een of ander verposing, het die trek soms dae aaneen stilgestaan en dit is veral dan wanneer die kinders en jongmense hul geniet het. Bedags het hulle gespeel en saans het die oumense vir die kinders raaisels gevra om die gesellige kampvure. Hul speelgoed moes hulle self of hul ouers, wat nie juis baie tyd daartoe gehad het nie, vervaardig. Dit was nie luukse artikels, soos die wat ons vandag in die winkels te koop aangebied word nie, maar die kind wat sy speelgoed self maak waardeer dit ook meer. Verder het die self maak van die speelgoed ook nog 'n sielkundige waarde nl. daar vind uiting plaas van die kind se skeppingsdrange.

B. <u>Die Spele wat hulle gespeel het</u>:-

In hul spel het die Voortrekkerkinders, soos kinders gewoonlik doen, die grootmens-lewe om hul heen nagebootsen. Aan spele het dit hulle gladnie ontbreek nie. Daar was nou wel nie eintlik spanspele soos die wat ons vandag het nie, maar nogtans het hulle in hul latere lewens spangees openbaar. Fantasie het menigvuldig in hul spel voorgekom. Hulle het b.v. vir hul poplaers getrek - die seuns het die waentjies en osse gemaak en die dogtertjies het die wit tente op die waens gemaak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en uitgerus met die slaapbenodigheede ons.

1. Poppespel:-

Die dogters het meestal popgespeel, met poppe wat hulle self gemaak het. Ou luppe is gebruik vir die lyf en oor die gesig van die pop het hulle 'n dun vliesie van een of ander slagding getrek en daarop dan oë, neus en mond geteken. Een van hierdie poppe is nog te sien in die Voortrekkermuseum te Pretoria, asook 'n „vaderlandse pop" - 'n houtpop wat in Holland vervaardig is. Die emosionele lewe van die kinders het ook uiting in spel gevind. Na die groot moord te Blauwkrans, het hulle b.v. lanferklodingstukke vir hul poppe gemaak - 'n teken van rou. (G bls. 29; H bls. 52; CC III bls. 156; Fa bls. 57). Die waarde van die popspeel lê veral daarin dat dit vir die dogter as oefenskool op klein skaal gedien het om hul so speel-speel voor te berei vir die werklike lewe.

2. Klei-osse:- (Fa bls. 47; H bls. 52; Ea bls. 117; Q bls. 817)

Daar is seker nie kinders wat nie graag met klei speel nie - hoe vuiler hulle hulself kan smeer met klei, des te beter. Deur die dele wat die Voortrekkers getrek het, was potklei altyd te vinde en die kleigat was dan ook 'n plek wat gereeld besoek is. Van die klei het die kinders dan verskillende diere gemaak nl. osse, perde, pluimvee, ens., maar daar die wa so 'n belangrike rol gespeel het in die trek, het hulle meestal 'n wa met 'n span osse gemaak. Met behulp van doringe, toutjies, ens. het hulle alles tot in die fynste besonderhede gemaak. As alles dan klaar gemaak is, dan het hulle die osse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

begin „dryf," hul swepe geklap en op die „osse" se name geskree.

3. Dolosse:- (C bls. 135; Fa bls. 48).

Dit is dieselfde spel as die vorige een maar hier het die kind gebruik gemaak van die beentjies uit die agterbene van 'n skaap of bees en hulle dan as osse ingespan. Ook hier was die regte span osse tot in die fynste besonderhede nageboots. Om elke dolos is 'n toutjie gebind en dan twee-twee langsmekaar met 'n dun houtjie as juk, ingespan. Hier moes die onderkaak van 'n skaap of bees dien as wa en aangesien hierdie toestel sterker was as die klei-osse, het die dryver heftiger geskree en geklap met sy sweep.

4. Sweep:- (F bls. 50; Y bls. 82; Fa bls. 49).

Die sweep was een van die eerste en vernaamste speelgoed wat die trekkerkind gehad het. G'n wonder dus dat skrywers hul bewondering uitspreek oor die behendigheid wat die Boere aan die dag gelê het m.b.t. die gebruik van die oscowa-sweep. Om te dryf was 'n plesier. Wat betref die osse, het hulle nooit misgeslaan as hulle na 'n sekere een mik nie en af en toe het hulle selfs voëltjies uit die lug uit daarmee raakgeslaan - voorwaar 'n goeie prestasie (F bls. 50).

Bogenoemde speletjies was almal daarop gemik om die kinders vir hul toekomstige loopbane voor te berei. Almal moes tog sonder uitsondering landbouers word en wat daar dus omtrent plaaswerk te wete was, het hulle in spelvorm geleer. Wat die liggaamsopvoedkundige waarde van hierdie spele betref,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is daar nie veel sprake van nie, behalwe dat die brei van die klei en die maak van hul speelgoed die kinders se hande sterk gemaak het. Opvoedkundig het dit egter 'n groot waarde nl. uiting van die kind se skeppingsdrange. Wat prestasie betref, was dit 'n prestasie om osse goed te kan dryf en die sweep doeltreffend te gebruik.

5. Die klei-lat:- (Fa bls. 48; G bls. 29; CC III bls. 156).

Die trekkerseuns het ook baie kleilat gespeel. Die sg. klei-lat is een of ander maklik buigbare en tog taai soort lat, gewoonlik 'n kweperlat. Voor aan die punt van die lat word dan 'n stukkie ronde gebreide klei vasgedruk. Met die swaai van die lat word die klei met gewold en met 'n voergeluid weggegooi. Die kinders het dan gewoonlik twee spanne gekies en dan oorlog gemaak met die kleilatte. Die klei maak natuurlik nie stukkendplekke nie, maar darem 'n goeie blou kol.

Kinders wat op 'n saaiplaas groot geword het, het die kleilat gebruik as hulle die voëls van die lande moet weghou. Dit is nogal 'n kuns om goed en raak daarmee te gooi en sommige van die kinders was so behendig dat hulle selfs voëls daarmee gedood het. (Fa bls. 48).

Die kleilat kan dus die geleentheid verskaf vir 'n goeie spanspel waar moed en vaardigheid die vernaamste vereistes is. Verder word hulle taai gemaak en van kleinsierigheid was daar by hulle geen sprake nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. Die Slingervel:- (G bls. 29; Z bls. 314; CC III bls. 156; Fa bls. 48).

Die slingervel bestaan uit twee amper ewe lang riempies met 'n stukkie sagte leervel in die middel. 'n Klip word in die vel gesit en dan 'n paar keer vinnig in die rondte geswaai en dan word die een riempie op 'n bepaalde oomblik gelos, met die gevolg dat die klip weggeslinger word met groot krag. Alhoewel dus baie ooreenstemmend met die kloilat was dit te gevaarlik om hiermee 'n spanspel te speel. Hulle het meestal gekyk wie die verste kon gooi of wie die meeste 'n opgerigte teiken kan raak. Dit is ook gebruik om die voëls van die ryp koring af te hou of om skape te keer wat wil afdwaal.

7. Pyl en Boog:- (Z bls. 314; Q bls. 27; CC III bls. 156; Fa bls. 49).

Dit was seker een van die beste soort speelgoed wat die seuns van die Groot Trek geken het. Die boog is gemaak van 'n stewige lat (kweper of taaiboslat) van een of ander boom en nadat dit goed afgewerk is, het hulle 'n riempie middelmatig styf gespan tussen die twee ente. Vir pyle het hulle dun reguit stokke of fluitjiesriet gebruik en om 'n goeie punt daaraan te kry word 'n stukkie been geneem en dan met seninggare aan die pyl vasgebind. Hierdie kuns het hulle natuurlik van die Boesmans wat by hulle worksaam was geleer en wat die hantering daarvan betref was baie van die seuns net so behendig as die Boesmans.

Met die pyl en boog het hulle dan muise, voëls, hase

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ons., geskiet. Paul Kruger het altyd 'n pyl en boog saam met hom gehad toe hy as jonger kind altyd skape moes oppas. Die korrelvat met pyl en boog was vir die seuns 'n baie goeie vooroefening vir die latere skiet met die geweer. G'n wonder dus ook dat die seuns op jeugdige leeftyd al so goed kon skiet nie. Verder was dit ook 'n goeie spierversterkende oefening vir veral die spiere van die arms en skouers.

8. Wegkruipertjie:- (B bls. 28; Z bls. 514; L bls. 34).

Wegkruipertjie was en is nog altyd 'n lekker spelotjie vir die jongspan en dit word dan ook nog baie gespeel. Die woeste veld het 'n goeie geleentheid geskep om hierdie spel te speel en d.m.v. wegkruipertjie het hulle die kuns van sluip en spionering aangeleer. Hierdie kuns het hulle veral goed te pas gekom op die jagveld as hulle wild moes bekruip ons. Die spel is terselfdertyd bevorderlik vir die spoed van die kinders want hulle moes hard hardloop na die tuisbof.

9. Ou-ooi en Jakkals:- (Fa bls. 56 en Meegedeel).

Dit is dieselfde spel wat by ons bekend is as „Jakkals en Kuikens." Die ou-ooi wat voor aan die ketting of string spelers staan probeer om die jakkals te belet om die agterste lam te vang. Dit is 'n goeie orgaanversterkende spelotjie, want die ketting swaai en draai van kant tot kant en net gou-gou is almal stokflou.

10. Springtou:- (X bls. 48, BB bls. 95).

Veral die meisies het baie tougespring en dit was dan ook een van die spelotjies waarmee hulle hulself baie keer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besig gehou het. Touspring is veral 'n orgaan-versterkende speletjie, maar die skou- en beenspiere word ook daardeur versterk. As 'n paar meisietjies bymekaar is en hulle word moeg van popspeel dan het hulle die oarieme bygedam en dan gekyk wie die langste kan touspring sonder om 'n fout te maak.

11. „Al jare, al jare, so deur die bos:- (Fa bls. 54).

Dit is ook 'n speletjie wat vandag nog baie deur die jongspan gespeel word veral op die platteland. Twee van die grootste kinders gaan staan teenoormekaar met die arms omhoog en hande teenmekaar sodat die ander maklik hier kan deurloop. Hulle praat in die geheim af wat hulle gaan wees b.v. 'n kar of 'n wa, 'n lemoen of 'n nartjie, ens. Die ander kinders staan in 'n ry agtermekaar en sing: „Al jare, al jare, so deur die bos, my ma en pa eet lekker kos," terwyl hulle dan onder die arm-boog deur beweeg. Die een op die end word tussen die vier arms gevang en gevra wat hy graagste wil hê: 'n kar of 'n wa. Hy gaan staan dan agter die een wat hy kies en slaan sy arms om sy middellyf. So gaan dit aan tot almal agter sy gekose „voorwerp" staan. Die voorste twee skakel nou hul hande goed inmekaar en op 'n gegewe oomblik trek die twee partye teen mekaar. Dit verskaf groot pret veral as die voorste twee se hande los gly en elke ry agteruit steier en val. Dit is veral deur die kinders van ± 10 jr. en ouer gespeel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12. Blinde Mol:- (Z bls. 314).

Dit is 'n speletjie wat veral daarop gemik is om die hoor- en tassintuie te ontwikkel. Een speler word geblinddoek en hy moet dan probeer om een van die ander, wat net in 'n beperkte ruimte mag beweeg te vang. Vang hy een dan moet hy probeer om uit te vind wie dit is deur hom te betas. Kan hy nie 'n beslissing vel nie dan moet die gevangene 'n geluidjie maak. As hy nou raak raai dan word die gevangene weer geblinddoek - misluk hy dan bly hy blindemol. Vandag word dit ook nog baie gespeel.

Balspeletjies:-

Die Voortrekkerkinders het ook balspeletjies geken. Hul balle moes hulle natuurlik self vervaardig en dit was dus nie sulke doeltreffende balle soos die wat ons vandag het nie. Een soort bal wat hulle baie gebruik het, was die wat hulle van die blaas van 'n bees of 'n vark gemaak het. (BB bls. 9 en Meegedeel). Die blaas het hulle gereinig, goed uitgespoel en dan opgebhaas en toegebind. Dit het 'n uitstekende bal vir die jongspan uitgemaak en as daar die dag geslag word, was die uitroep: „Pa mag ek die blaas kry", nooit afwesig nie.

13. Kringbal:- (Fa bls. 52).

Dit is amper dieselfde spel as Volkerbal. 'n Kring van middelmatige grootte word getrek op die speelterrein en die spelers opgedeel in twee spanne. Een span gaan in die kring en die ander daaromheen staan. Die buitenste moet probeer om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die wat binne is raak te gooi en die wat raakgegooi is moet gaan sit. Die buitenste spelers kan egter self ook uitgegooi word as die binnespelers die bal in die hande kry. Die spel oefen die kinders veral om raak te gooi en kan ook spangees in die hand werk as dit reg gespeel word.

14. Eier in die hoed:- (Fa bls. 52; Meegedeel).

Dit is 'n spel wat ook nog baie op die Platteland gespeel word en dit is dan ook daar waar ek dit leer speel het. Die hoede van al die kinders wat saamspeel (6 - 10 spelers) word op 'n reguit lyn gesit. Vyf treë van die hoedens word 'n lyn parallel daarmee getrek en hieragter gaan staan die spelers - elkeen regoor sy hoed. In die volgorde van die hoede volgens eienaars, probeer die kinders elkeen op sy beurt om die bal in een van die hoede te gooi. Geluk dit een, dan moet die eienaar van die hoed waarin die bal gekom het, die bal vat en een van die ander probeer raak gooi. Raak hy een dan kry die geraakte kind 'n eier (klip) in sy hoed. Gooi hy mis dan kry hy 'n klip in sy eie hoed. By die begin van die spel word bepaal hoeveel eiers 'n broeisel sal vorm, soms 6, 8 of 12 na gelang van die aantal spelers. Wie die bepaalde getal eiers vir 'n broeisel in sy hoed het, moet eenkant gaan staan - hy kan gaan broei.

Vir die jongspan is dit 'n lekker speletjie en hulle geniet dit ten volste. Dit leer hulle raak gooi, bal ontduik en laat hul ook genoeg hardloop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15. Ruiterbal:(Fa bls. 50 en Meegedeel).

Hierdie spel is algemeen bekend en is dieselfde wat ons vandag nog speel. Dit leer die kinders vang, gooi en koes. Verder is dit ook nog 'n goei dra- sowel as handloopoefening.

Dit is moontlik dat hulle ook ander balspele gespeel het, maar bv. is al waarvan daar enige melding gemaak word in die boeke wat as bronne van hierdie werk gedien het.

Behalwe bg. spele het hulle waarskynlik ook nog die volgende geken:-

16. Stokperdjie:- (X bls. 48)

Dit word vandag nog baie deur die jongspan van 7 - 10 jaar gespeel en is 'n spel waar veral die fantasie 'n sterk rol speel. Die kind hardloop en bokspring met sy stokperd en verder slaan hy links en regs dat dit 'n naarheid is. Sy fantasie laat hom stokflou hardloop. Die waarde hiervan is dat dit 'n goeie orgaanversterkende speletjie is en verder vind hy uiting vir sy fantasielewe.

17. Van-aan (X bls. 48)

Algemeen bekend en ook 'n goeie orgaanversterkende speletjie vir beide seuns en dogter.

18. Albasters en Klip-klip:- (AA III bls. 85; X bls. 48).

Dit is spele wat alte graag deur die jongspan gespeel word, maar wat liggaamsopvoedkundig nie veel waarde het nie. Dit is egter ontspannend en word deur almal geniet.

19. Tolgooi:- (AA III bls. 85; X bls. 48).

20. Skoppelmaai:- (V bls. 24; AA III bls. 85; X bls. 48.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

21. Vliegers:- (U bls. 24; AA III bls. 85; X bls. 48).

22. Bewaar die knikkertjie:- (Fa bls. 53).

C. Verdere Bewyse dat verskillende spele wel gespeel is.

(a) Soos aangedui by elke spel, word verwys na Geskiedenisboeke waarin daarvan melding gemaak word. Treffend is egter die volgende aanhaling: „The children had games universal to children." (F bls. 49).

(b) Die boere was afstammelinge van die Franse en Duitsers, maar hoofsaaklik van die Hollanders. Die Hollandse kultuur en taal is dus op Suid-Afrikaanse bodem oorgeplant. Alhoewel dit mettertyd verander het, is die Hollandse element nog steeds in die Afrikaanse taal en kultuur te bespeur. Ons kan dus ook aanneem dat die spele van die kinders aan die Kaap dieselfde moes wees as die wat destyds in Holland gespeel is. Van die spele wat in die 17de eeu in Holland bekend was, kry ons 'n goeie verslag in die boek:- „Huiselyk Leven van Amsterdam in de 17de Eeuw" (X bls. 48). In die „Zuid-Afrikaansche Tydschrift" Deel XX, (Maart - April, bls. 85) kry ons weer 'n lys van spele wat in 1843 aan die Kaap gespeel is. Vergelyk ons hierdie twee lyste dan kry ons die volgende:-

Spele in Holland in 17de Eeu	In S.A. in 1843?
Touspring	Ja
Stokperdjie	Word nie gemeld nie.
Pyl en boog	Wel toenw. maar nie gemeld nie.
Albaster	Ja
Hoepel	Ja

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Spele in Holland in 17de Eeu	In S.A. in 1843?
Tolgooi	Ja
Skoppelmaai	Ja
Sweep en slinger	Ja
Poppespel	Ja
Balspele	Ja
Vlieërs	Ja
Dans	Ja
Kaartspel	Ja

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SLOTBESKOUING.

Die spele en vermake van die Voortrekkers het aangepas by die omstandighede waaronder hul geleef het. Hul het gedurig in spanning verkeer as gevolg van dreigende gevare, ens. Om hierdie spanning te verlig het hul hul vermaak met spele wat 'n mate van pret en humor insluit. Om bestand te wees teen die gevare moes hulle sterk en ratsig wees, vandaar dus die groot aantal krag- en behendigheidsporte wat ons by hulle aantref. Hul werk, spele en sportsoorte saam kon dus dien tot algehele liggaamsontwikkeling.

Baie van hul spele word vandag nog gespeel, veral op die platteland. Hierdie spele het voortgeleef om verskeie redes, een waarvan is omdat dit ook in die huidige lewe as rekreasie of liggaamsontwikkeling kan dien. Dink maar net b.v. aan die stadbewoners wat so graag perdry, skiet en jag of jukskei speel. Wat die spele van die Voortrekker kind betref, kan gesê word dat die meeste van hulle vandag nog baie gewild is onder die jonger geslag. Orals sien ons kinders wat met pyl-en-boog, swepies, albasters en dies meer speel. Ten spyte van veranderde toestande word hierdie spele nog net so baie geniet as voorheen.

Ten slotte kon dus gesê word dat die Voortrekkers aan die huidige geslag 'n guns bewys het, nie alleen deur die spele van hul voorvadere op ons oor te dra nie, maar ook deur die nuwe spele wat hulle ontwerp het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LITERATUUR

No.	Boek	Skrywer	Uitgewers.	Jaar
A	Oom Paul's People	H.C. Hillegas	D. Appleton & Co., New York.	1899
B	Het Leven van Andrew Murray	J. du Plessis	S.A. Bijbelvereniging, Kaapstad.	1920
C	Kultuurskatte uit Die Voortrekkertyd	C.H. van Rooyen	Nasionale Pers Bpk., Kaapstad	1938
D	Dagboek van Louis Trichardt.	Dr. G.S. Preller	Nasionale Pers Bpk. Kaapstad	1938
E	New History for Senior Certificate	C. de K. Fowler & G.J.J. Smit	Maskew Miller Ltd., Kaapstad	1945
F	The Great Trek	Eric A Walker	A & C. Black, London	1938
G	Die Groot Trek	C. Louis Leipoldt	Nasionale Pers Bpk., Kaapstad	1938
H	In het Land van Piet Retief	L. Rompel-Koopman	Die Volkstem, Pretoria	1919
I	Voortrekkermense I	Dr. G.S. Preller	Nas. Pers Bpk. Kaapstad.	1920
J	Voortrekkermense II	D "	Nas. Pers Bpk. Kaapstad	1920
K	Voortrekkermense III	"	Nas. Pers. Bpk. Kaapstad.	1922
L	Voortrekkermense IV	"	Nas. Pers Bpk. Kaapstad	1925
M	Voortrekkermense V	"	Nas. Pers Bpk. Kaapstad	1938
N	Voortrekkermense VI	"	Nas. Pers Bpk. Kaapstad	1938
O	Trek	Dr. P.J. v.d. Merwe.	Nas. Pers Bpk. Kaapstad	1945
P	Andries Pretorius	Dr. G.S. Preller	Nas. Pers Bpk. Kaapstad.	1937

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

No.	Boek	Skrywer	Uitgewers	Jaar
Q	Paul Kruger	J.F. van Oordt	Jac Dusseau & Co. Amsterdam	1898
R	Genr. C.F. Beyers	G.D. Scholtz	Voortrekker Pers Bpk., Pretoria	1941
S	The Mobile Boer	Alan Hiley & John Harsel	The Grafton Press New York	1902
T	Kaptein Hindon	Dr. G.S. Preller	J.L. v. Schaik, Pretoria	1916
U	Präsident Paul Krüger	U Schowalter	Lehmans Verlag, München	1902
V	De Hollandsche Afrikanen	J. Stuart	G.W. Tielkemeyer, Amsterdam	1954
W	Het Leven van J.H. Hofmeyer	J.H. Hofmeyer	Van de Sandt & de Villiers Drukpers Mskp. Bpk., Kaapstad	1913
X	Huiselyk Leven v. Amsterdam in de 17de Eeuw	G. Kalff	W.P. v. Stodkum & Zoon, Amsterdam	1901
Y	Travels in Southern Africa	John Barrow	A Straham, London.	1801
Z	Uit de Geschiedenis van de Z.A. Republiek.	C.N.J. du Plessis	J.H. de Bussy, Pretoria	1898
Aa	Die Voortrekkers in Natal	E.G. Jansen	Nasionale Pers Bpk. Kaapstad	1938
Ba	Travels in Southern Africa II	Henry Lichtenstein	Nasionale Pers Bpk., Kaapstad	1930
Ca	Lady Anne Barnard	P. Fairbridge	Clarendon Press, London	1924
Da	Boer & Barbaar	J.H. Malan	„Het Weston"-Drukkery, Potchefstroom	1913
Ea	De Worstelstryd der Transvalers	Lion Cachet	Jacques Dusseau & Co., Amsterdam	1883

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

No.	Boek	Skrywer	Uitgevers	Jaar.
Fa	Ons Volksleve	B. Spoelstra	J.L. van Schaik Bpk., Pretoria	1924
Ga	Die Geskiedenis van Harrysmith	F.A. Steytler	Nasionale Pers Bpk. Kaapstad.	1932
Ha	Gedenkschriften van Paul Kruger	F. Rompel	De Locomotief	1902
Ia	The Transvaal Boers	Africanus	H. Marshall & Son, London	1899
Ja	The Rise of South Africa IV	Sir Geo. E. Cory	Longmans Green & Co. Ltd. London	1926
Ka	Booresport	Dr. J.H. Moolman	Stellenbosch	1941
La	Voortrekkers of South Africa	M. Nathan	Gordon & Gotch, Ltd., London	1937
Ma	Zuid-Afrika	John Noble	J.C. Juta, Bepk., Kaapstad.	1878
Na	Travels in S.A.	E.K. Laird	Adam Holden, Liverpool	1881
Oa	Impressions of S. Africa	J. Bryce	Mc Millan & Co. Ltd.	1900
Pa	De Geschiedenis van die Hollandsch-Afrikaansche Booren	J.H. Hatting	A. von Levetsow, Vryheid Z.A.R.	1893
Qa	Herinneringen uit Zuid Afrika	Theod. H. Tromp	E.J. Brill, Leiden	1879

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tydskrifte:-

AA. Suid-Afrikaansche Tydschrift.

Gouvernements Drukkery, Kaapstad.

1. Deel I, No. IV. Sept.-Okt. 1824.

2. Deel II, No. V. Sept. -Okt. 1825.

3. Deel XX. Maart - April 1843.

BB. Ons Klyntjie.

1. Deel IV. Jan., April, Mei, 1899.

2. Deel V Okt. 1900.

CC. Die Huisgenoot.

Nas. Pers Bpk.

1. 18 Julie 1941.

2. 8 Maart 1940.

3. Gedenkuitgawe Des. 1938.

Ander Bronne:-

1. Meegedeel (Veral d.m.v. gesprekke en briefwisseling met oumense).

2. Argief-ondersoek.

a. Argivaris te Kaapstad raai my af om enige ondersoek aldaar te doen aangesien veld te verspreid is.

b. Argivaris te Pietermaritzburg verskaf my goedgunstiglik enige besonderhede en verwys my na sekere boeke.